

VERSKUIWING IN DIE MORAAL?*

MODEWOORDE het ons deesdae oorgenoeg in die Christelike sedeleer en hulle kan nogal verwarring stig.

U moet my vergun om met u te spreek oor een so 'n modewoord nl „verskuiwing” in die moraal. Dis nogal 'n mooi woord, wat so dikwels gebruik word op baie terreine en tog meer wil aandui as maar net 'n veranderde sienswyse, 'n wysiging in opvattinge of nuwe riglyne wat al gangbaar geword het in die praktyk. Die begrip wil eintlik die ewolusionêre gang beklemtoon, want dit is dan eintlik net die ou norme wat effens anders bekyk word of nie meer so nou geneem of dik onderstreep word nie. Die verskuiwing beteken dan dat alles nog dieselfde bly, net die posisie of plek het verander. Verskuiwing beteken tog plekverandering of plekwisseling en dan sekerlik nie in die sin dat die plekke ver uitmekaar lê nie. Verskuiwing beteken net maar vlak langs die vorige te staan kom. As dit dan 'n beter plek is, is dit ewolusie, ontwikkeling, verbetering.

Verskuiwing kan egter ook die rewolusionêre patroon volg, en dan het ons met 'n totaal ander opvatting te doen. Die rewolusionêre het nie met plekverandering te doen nie, maar terdeë met inhoudsverandering, klimaatsverandering of selfs relativering van die moraal. By ontkerstening en by sekularisering is dit juis duidelik.

Daarom sou ons kan beweer dat by verskuiwing daar geen beswaar kan wees nie, omdat tye wel verander en norme eintlik nie staties kan bly nie maar inderdaad deur die verskeidenheid van situasies bepaal word en dus wordend van aard is. Natuurlik is dit gebonde aan dit wat nooit verander nie en vloei daaruit voort. Ons kom later hierop terug.

By normaanpassing of normrelativering moet duidelik standpunt ingeneem word en dit moet stellig afgewys word. Dit is 'n begin wat geen einde het nie en moet voer tot 'n bodemlose relativisme.

By dié huidige roep om modernisering, liberalisering, nuwere etiek, en die bekende tienerjarige probleme en sogenaamde generasie-gaping, moet opnuut besin word oor ons eintlike koers. Is dit verskuiwing of is dit prysgawe van norme?

Daar is duidelik twee rigtinge te onderskei in die heden-

daagse benadering tot sedelike norme.

Aan die een kant het ons die eerbiediging van die ou paaie, waaraan stewig vasgehou word, en juis uit vrees vir normrelativering, nougeset die ou patroon ongewysig nastreef. Dan word die ou beproefde weë verabsoluteer, word dit nie net tot gesanksioneerde standaarde nie, maar die gevaar is duidelik dat hierdie enigste norme gekanoniseer word. Wanneer so 'n standpunt ingeneem word gee dit al die indruk van iemand wat opsy staan, buite die lewe, 'n betersweter. Vanuit 'n selfgemaakte verhewe troon mik hy maar net negatiewe veroordelende kritiese aanmerkings op die lewe benede hom. Die uiterste waartoe so 'n standpunt kan kom is om 'n remmende faktor te wees wat voortdurend 'n beroep doen op die sedelike bewussyn en dit probeer opskerp. Daar kan egter niks positiefs hier te wagte wees nie. Ek herinner my nog goed dat wyle prof J D du Toit opgemerk het dat die voorgeslagte goeie fundamente gelê het. As hulle egter uit hul grafte moet opstaan en nog steeds die fundamente aanskou wat die nageslag suiwer bewaar, maar geen bouwerk gewaar wat daarop gebou is in die loop van jare nie, sal hulle tog darem reenskap vra.

'n Verouderde sede moet uit datum raak, antikwaries word en kan in die huidige lewensopset nie van waarde wees nie. Immers, die verhoudinge het so totaal verander en die moraal moet juis binne die raamwerk van die polsende lewe koers gee. 'n Mens dink maar aan die veranderde lewenspatroon, aan radio en televisie wat die gebeurtenisse oor duisende kilometers oorsee en jou dit laat sien. Vervoermiddels het lande wat duisende kilometers van mekaar verwyder is, buurstate gemaak. Oorlogsmiddele bring nuwe vraagstukke omdat uitwissing die mensdom voor die deur staan. Spoed op ons paaie eis 'n nuwe verkeers-etiek en 'n nuwe oriëntering op die sesde gebod.

Kom staan nou met 'n verouderde sede in die nuwe lewenspatroon en elkeen besef dat die norme aangepas moet word.

So het ook intermenslike verhoudinge verander. Die verhouding werkgewer tot werknemer, van ouer tot kind, van jongman tot jongdame is nie meer dieselfde nie. Daarom kom daar 'n kontemporêre problematiek waarvan ons kan noem: geboorte-beperking, aborsie, proefhuwelike, kinderverwaarlosing, dwelmverslawing, generasie-gaping, tienerjarige opstand,

studente-weerstand, staking in al sy fasette. Inderdaad, 'n verouderde etiek moet konfliktsituasies oproep en die veranderde omstandighede noop tot nuwe oriëntering, op gevaar af dat as ons dit nalaat, nie net kritiek daarteen sal wees nie, maar verwerping en volkome afskeid. Die Christelike sedeleer moet voortbou op goeie fundamente en telkens onthou dat die bouwerk nooit voltooi sal wees nie. Die Christelike Etiek moet slegs oppas om nie langs die goeie fundamente te bou nie maar daarop.

Die gevaar van so 'n moraal is groter as wat miskien gedink word. 'n Mens hoor voortdurend dat dit veel beter is om maar vas te hou aan die bekende en tradisioneel-vaste norme. Dit is ook veiliger, want jy vrywaar ook jouself om nie beskuldig te word nie dat jy ook al 'n voetval voor die liberale tydvak doen.

Min dink ons daaraan dat 'n verouderde sedeleer kan meebring dat die mens uit die tweede helfte van die twintigste eeu sy heil elders gaan soek en vir hom 'n wegwysers gaan soek wat nie meer van beproefde allure is nie. Ons moet dan nie geskok wees as daar op nuwe weë gegaan word wat eintlik skokkend ons laat terugdeins nie. Die vraag is dan pertinent: het die ou, die verouderde lewenspatroon, nie die eerste skok en onnodige verbittering gegee nie?

Die tweede rigting in die benadering tot sedelikheid en goeie moraal, kan miskien goed getipeer word in sy teëstelling tot die hierbogenoemde absolute of versteende grondslae. Niks is absoluut nie en alles is en bly slegs vloeibaar. Alles moet telkens by 'n nuwe situasie gewysig word om daarby aan te pas. En so word alles relatief, dusdanig relatief dat daar eintlik nie meer sinvol gespreek kan word van norme vir die Christelike sedeleer nie. Norme kan tog nie geformeer of geformuleer word deur elkeen nie, want dan verkry ons nie meer wetenskaplike sistematiek nie. Dis miskien die heel minste. Ons verkry 'n volkome opheffing van die sedelike en 'n sekulariseringsproses waarvan ons vandag getuie is. Te midde van die losgerukte mens in die moeras van 'n altyd diepersinkende sedeloosheid, kry ons net maar wat ons verwag: relativisme moet versink in negativisme, in ateïsme en demonisme.

Van hierdie lewenshouding is ons vandag getuies. Dis miskien al te duidelik afgeëts. Ek weet dat sommige beweer dat ons vandag darem nog, al is dit nie meer 'n Christelike

sede nie, darem nog 'n Christelik-getinte sede het. Maar dan is dit tog duidelik dat dit 'n wêreldse sede is met Christelike vernis daaroor heen. Dan word dit selfs nog meer gevaarlik.

En nou staan ons in 'n uiters prekêre situasie.

Ons mag nie bly stilstaan by die oorgelewerde nie, omdat ons dan lewensvreemd is — en dan word ons met ons mooi fondamentstukke uitgeskouer omdat ons nie 'n oog gehad het vir ons tyd nie. Daarmee handig ons eintlik die jong geslag oor aan die wolwe van sedeloosheid.

Ons moet weerhou uit die verkeerde weë waarop sommige wat nie onderskei nie, hulle domweg laat meevoer op 'n duidelik onchristelike sedelike pad.

Iewers moet die Christelike sedeleer weer sy houvas terugkry. Ons moet terug na die Skrif en op grond van so 'n hegte fondament dan begin voortbou.

Die Skrif gee tog nie so 'n vasgewortelde, versteende toestand wat in die loop van tye net maar onveranderd gebly het nie. Ons het tog in der waarheid met 'n Ou en 'n Nuwe Testament te doen en kan ons 'n groter verandering ons voorstel dan wat deur Jesus Christus bewerkstellig is? Ons hoor tog dadelik van 'n nuwe dag met nuwe vorme. Die ou Tempel verdwyn as plek van gemeenskap en die nuwe plek van erediens is waar gees en waarheid gevind word. Dit is asof alles deurbreek word, al die ou geyske gebruike. Die Samaritane is nie meer gehaat nie, die Romeinse soldaat word selfs begenadig. Ons sou kon voortgaan, maar dis genoeg om aan ons Skripturologiese vastigheid te gee en tegelyk om in die gees van die Skrif voort te borduur.

Ons laat nooit die Skriftuurlike bodem los nie en herinner daaraan dat prof Herman Bavinck gespreek het van twee soorte norme wat hy Primêre en Sekondêre norme noem. Hy noem dit ook Grondnorme en Afgeleide norme, wat 'n beter en sprekender benaming is.

Grondnorme is die wat die volle lig van Gods Woord in hulle inkorporer. Grondnorme is in die onmiddellike buurt waar die vertikale lyn die horisontale raak, waar God spreek en die mens die sprake opvang en op die lyn van die geskiedenis voortbeweeg. Grondnorme sou ons bv. sê word gevind in die gebod: jy mag nie steel nie. Afgeleide norme beweeg nou verder van die vertikale raakpunt en bepaal situatief al die vorme van diefstal op horisontale vlak. Die Heidelbergse

Kategismus noem hulle so duidelik: „Bose daad en listige planne waarmee ons dink om die goed van ons naaste onself toe te eien, met geweld of skyn van reg, soos met valse gewig, el, maat, ware, munt, woeker . . .” So is alle norme, ook afgeleide norme en juis vanweë hulle afleiding, Skrifgebonde en nooit van eiewillige formule nie.

Sekerlik is dit die eerste antwoord van die Christelike sedeleer in die relativiserende tendense van ons tyd: Skrifgebondenheid. Dit baat nie om slegs op die horisontale vlak na tradisionele vastighede te soek, vanuit die Christelik-getinte atmosfeer 'n norm vas te stel en dan te vind dat daar 'n onwillekeurige vergoddeliking plaasgevind het wat niemand kan ontwyk nie. Neem bv. Bishop J A T Robinson wat in die liefde sy norm vind, en alles wat uit liefde gebore is kan nie anders as om goed te wees nie. Hy probeer dan die liefde se vertikale knooppunt te vind in die stelling dat God liefde is, maar eindig in die direkte ommekeer nl dat liefde God is.

Vir die huidige tyd geld dieselfde eis as vir elke ander datum nl as ek aan Christus behoort, moet ek vra: en wat eis Christus van my? Die enigste antwoord daarop is dat ek 'n leesbare brief van Christus moet wees, dat ek aan die ranke vrugte moet dra omdat hulle uitgroeï uit die wynstok Christus. Ek kan nie anders as om die vrugte te dra nie, omdat ek uit Christus groei. Christus en my vertikale band met Hom, bepaal my lewenspatroon, beheers my lewe op horisontale vlak.

As dit dan nou vasstaan, kan ons die verdere optrede, die verskillende situasies waarin ons te staan kom ook bepaal. Daar moet altyd eenheid en konformiteit wees tussen Christus en sy dissipels, sy gelowiges.

Elkeen besef dat dit veeleisend is. Maar 'n mens is juis al sat van die mini-tendense van die huidige tyd. U weet: van die Christendom wat met die heel minste kan klaarkom. Hoe min kleur moet ek wys, met hoe weinig kan ek darem nog 'n Christen genoem word en tog nie vreemd aan die relativiserende nie-christendom ook wees nie. Die minste moet van my geëis of verwag word — mini-etiek, mini-moraal. Teenoor hierdie neiging sou dit seker bykans vergesog wees om te eis 'n maksimale moraal. Dit sou veel eerder Skriftuurlik wees, want dit ken Gods Wet: „Jy moet die Here jou God liefhê met jou *hele* hart, met jou *hele* siel, met jou *hele* verstand en met *al*

jou krag". Dit sou al 'n lewensherwaardering bring as die klank gehoor kan word van totale toewyding.

Ons moet daarop wys dat Calvyn oor die Christelike lewe geskryf het en toe bepaalde kenmerke genoem het. Dit is sulke eenvoudige, persoonlike, intieme dinge, maar dan tog so nodig, so eiendomlik aan 'n Christelike moraal. Benewens die eis van vrywillige askese, afsondering vir gebed, stel hy die partikuliere van die Christen se lewe in onderskeiding van elke ander lewe, dat dit 'n lewe van *vrywillige begrensing* moet wees. Dit het die kritiek meegebring dat Calvyn tog baie sterk negatief is. Dit egter ten onregte. Want *begrensing* beteken nie *afgrensing* teenoor alle invloede nie. Die Christelike lewe is nie een met verdonkerde vensters en geslote deure nie. Daar sit die duidelike positiewe norme in en hy noem dit in besonder. Die Christelike lewe is een van selfverloëning. Inderdaad, die navolging van Christus volgens Matth. 16 : 24 vv. bestaan in selfverloëning. Is dit moontlik om in 'n eeu van sekularisasie minder as dit te stel? Juis nou wanneer elkeen vir homself alles opeis, volle vreugde en genot, selfhandhawing, is die eis van selfverloëning uiters ongewild. Egosentrisme en wat Calvyn genoem het *concupiscentia*, vleeslike begeerte, is juis die teëpool van selfverloëning.

Ons belydenis spreek ook van die ou mens en die nuwe mens wat albei in ons woon. Die vraag is juis of ons vandag onself nog so goed ken dat ons bewus is van hierdie twee menstipes in ons en dat dit juis ons natuur is wat sondig is, wat ons moet kruisig, moet afsterf. In teëstelling dus met die neiging vandag om wat natuurlik is te verheerlik, staan die Skrif en belydenis met die koninklike eis dat ons ons koningskap daarin moet vind om onself voortdurend te verloën, sodat die „hartlike vreugde in God deur Christus, en lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe" die patroon mag wees van ons Christelike lewe.

Bykomend by hierdie eis moet die tipiese van Calvyn nog gestel word in twee begrippe nl roeping en selftug. Geroepenheid is tog ons lewensbegin en lewenseinde. Dit gee aan die koningsmens 'n koninklike begin en verloop van sy lewe.

Ons spreek nog 'n enkele woord oor selftug, daardie hoogste dissiplinering wat eie moet wees aan elke gelowige. Daar begin alle vorme van tug mee en dis onmoontlik om ook maar enigins 'n stylvolle lewe op te bou as jy maar tugteloos toe-

gee aan elke gril, elke opwelling of begeerte van jou eie binneste. Dit sou verspot wees om te spreek van 'n sedelike lewe, van 'n lewensstyl volgens Christelike norme, as alles maar kan en die mens geen enkele keer ridderlik ook vir homself kan „nee” sê nie.

En so staan ons in die tweede helfte van die twintigste eeu in 'n veranderde wêreld, een wat veral op sedelike gebied eintlik ontplof het. Wat hierdie lewe nodig het is nie 'n gedetailleerde sketskaart wat die roete aandui in alle besonderhede nie. Hy het wel nodig om 'n kompas in die hand te kry om telkens sy eie staanplek te bepaal en 'n duidelike rigting-wyser sodat hy nie verdwaal nie.

Die Calvinis kom nie antwoorde gee op alle veelvuldige situasies nie, maar gee vastighede, ankerpunte en koersbepalers. Dit is nooit veeleisend in die sin dat dit 'n onmoontlike afgrensing gee nie. Dit is egter bepaald begrensing, omdat dit tog werklik die adel is van mens-wees.

S P v d Walt

* Rede uitgespreek tydens die promosieplegtigheid van die Teologiese Skool op 9 November 1973.

ONTWIKKELINGSEKONOMIE — BESTEK EN METODE
VIR DIE STUDIE DAARVAN

More than other scientists, social scientists need to be self-conscious about their methodology.

MILTON FRIEDMAN

The discovery of intimate true affinities between things which appear wholly different to the hasty observer, has long been recognized as one of the chief tasks of physical science.

ALFRED MARSHALL

Our trouble is not ignorance, it is just that we know so many things that are not true.

JOSH BILLINGS

We need to cultivate the restraint of Galileo, who left the world of angels and spirits until the time should come when it could be explored, and contented himself with such principles as he could extract with confidence from experience, though the resolution committed him to such trivialities as the timing of balls rolling down grooves. It is that selfcontrol — the voluntary restriction to the task of extending knowledge outwards from the observed to the unobserved instead of imposing imagined universal principles inwards on the world of observation — that is the essential hallmark of the man of science, distinguishing him most fundamentally from the non-scientific philosopher.

H DINGLE